Skriflesing: 1 Johannes 5
Kategismus: **Sondag 20**
Sing- Ps. 48:1,5; Ps. 89:8; Ps. 133: 1 en 2; Ps. 134:4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- van al die voëls in die ark het Noag 'n duif losgelaat om vas te stel of die massas water al begin minder word het. Daardie duif het nie 'n rusplek gekry vir die holte van sy voet nie en het na Noag teruggekom. Die duif het gespreek van 'n ander duif. In die Ou Testament kry die Heilige Gees nie 'n rusplek nie. Hy werk, maar Hy werk by geleentheid en gedeeltelik. Christus moes eers kom. Die waters van die sonde sou Hy in Hom moes laat wegdroog.

En die wonder het gebeur. Broeders en susters, met die doop van Jesus Christus vlieg daar weer 'n duif uit. Uit die hemel kon die Gees in die sigbare gestalte van 'n duif nou 'n rusplek vind (Luk. 3). Die Gees gaan sit op Jesus Christus. Mattheus 3, toe Jesus uit die water gekom het, het *meteens die hemel bokant Hom oopgegaan en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom.* Dan volg die getuienis van die Vader…..*Dit is my geliefde Seun. in Wie Ek 'n welbehae het..* Dit is ook die welbehae, die vreugde van Sondag 20. Om in die Gees te mag bly wees.

***

Christus is gedoop, die Heilige Gees het op Hom gekom, die Vader het gepraat. God, Drie-Enig is daar. Hoe kan ons anders as om deur die doop van Christus te bely, die **Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God.** Die doopdag van Christus het 'n belangrike datum in die koms van God se Koninkryk aangekondig. As die Heilige Gees soos 'n duif op Christus gaan sit, dan is dit die nuwe begin van God se Koninkryk op aarde waarvan daar geen einde sal wees nie.

Ons gelese Skrifgedeelte vat ons ook terug na die doop van Jesus. As daar geskrywe staan, *die Een wat deur die water van sy doop na ons toe gekom het,* is Johannes, toe al 'n gryse apostel, besig om dieselfde Gees van God as Getuie in te roep. Die Gees was mos Self 'n oog – en oorgetuie. Die Heilige Gees wat Johannes op sy oudag die dinge laat skryf was by die Jordaanrivier.

Let op hoe mooi die gedeelte ons belydenis waarheid maak. Vers 6…..*Die Gees is die Getuie daarvan en die Gees is die waarheid.* En ons bely **die Gees is saam met die Vader ware en ewige God.** As ons vers 9 lees, is dit presies wat ons bely! Daar staan, *dit is God wat getuig*

en die getuienis handel oor sy Seun. Die drie se getuienis stem inderdaad ooreen. Die Gees wat in vers 6 getuig is die God van vers 9.

***

Die God wat in die begin geskep het. Sy Gees het toe gesweef oor die waters. Die Gees *wat die gelaat van die aarde nuutgemaak het*….Psalm 104:30. Die Gees wat die asem van die lewe in die neusgate van die mens geblaas het. Dié lewe waarmee die mens so sou mors. Die belydenis gaan dan verder. Die Gees is ook **saam met die Seun ware en ewige God.** Die Gees van God wat op Hom sy rusplek sou vind sou nie weer na die hemel daarbo hoef terug te keer nie. Voordat Jesus *deur die water van sy doop na ons toe gekom het,* was die Gees nog bo. Toe Jesus, Seun van God, Hom met sy doop bereid verklaar het om sonde vir ons te word;…….is dit dan nie juis toe wat die Heilige Gees neergedaal het op die Seun nie? Die Gees van die waarheid getuig dit Self, reeds in die Ou Testament !

Jesaja 11 vertel van die *takkie wat uit die stomp van Isai sou uitspruit en 'n loot met vrugte sou voortbring*….. en in die tweede vers staan daar ……*op Hom sal die Gees van die Here rus.* Daardie duif sou op daardie takkie gaan sit ! Ja, dieselfde Gees wat op hulle moet sit wat aanstons in hulle ampte bevestig sal word.

Jesaja 42- *Ek het my Gees op Hom gelê*……Jesaja 61 *Die Gees van die Here HERE is op My.* In Esegiël 36 en 37 belowe die Here sy volk *dat Hy sy Gees in hulle sal gee, dat hulle lewendig kan word.* Die profeet Hosea sê as die Gees kom sit dan sal die volk bloei soos 'n lelie van die veld. Dit is hoe die kerk, hoe elke ouderling en diaken die werk van die Gees moet raaksien.

***

Telkens hoor ons van die Gees wat kom, maar ook van Hom na Wie die Gees van die Here kom. Toe *die Seun deur die water gekom het,* of soos ons dit ook kan vertaal, *deurgegaan het,* toe kom die Gees om te bly. Die Messias van God is sy Gesalfde en Hy salf Hom met sy Gees wat ware en ewige God is.

Die Seun van God op Wie die Gees gebly het, kon egter nie hier bly nie. Die sondige mensheid en dis ons, het Christus verwerp en so ook die Heilige Gees verwerp. Die water van sy doop sou plek maak vir *die bloed van sy dood*……Christus het deur die water gegaan ter wille van ons, maar Hy het óók deur sy eie bloed gegaan ter wille van ons. Sy bloed het Hy laat vloei aan die kruis.

Hy het sonde geword vir ons. Ons sonde het Hy op Hom gesit. Aan die kruis kon die Gees nie op Hom bly nie, want kan die Gees bly waar die sonde sit? Hy, alleen, met ons sonde het daar gehang. Al was die Gees nie toe op Hom nie, is die Gees daarvan óók dié Getuie. Kyk, hoe benadruk Johannes die feit. Die Gees is nie net die Getuie van *deur die water nie, maar deur die water én die bloed.*

Hy het ons sonde nie net op Hom geneem nie, maar ook gedra totdat sy bloed gevloei het as versoening vir ons sondes. Hy het daarmee deurgegaan, staan daar letterlik. Deurgegaan tot in die graf. Dieselfde Gees is die Gees in Wie Jesus Christus uit die dood opgewek is as die Seun van God in krag. Met sy kruisdood en opstanding het Jesus, die Heilige Gees, die groot Gawe van die Vader verdien. Die Gees sou Hy in oorvloed kon gee aan sy kerk.

Die Gees sou uitgestort word. Jesaja 55….*O almal wat dors het kom na die waters*……Wat is die milde waters anders as die Heilige Gees? Die Here het in Johannes 7 presies só bedoel. *Hy het daar gestaan en uitgeroep: As iemand dors het, laat Hy na My toe kom en drink. Met die een wat in my glo is dit soos die Skrif sê. Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.* En dan staan daar – *Hiermee het Hy na die Gees verwys*…..al was die Gees nog nie uitgestort nie. Die wonder van die uitstorting het die Here alleen laat gebeur, omdat ons skuld versoen is. En Johannes 20:22 het dan verwerklik, wat in Johannes 7 in vooruitsig gestel is….*Hy het oor hulle geblaas en gesê: Ontvang die Heilige Gees*……Die volk, selfs ook die dissipels van die Here kon geen aanspraak daarop maak nie, want die volk het dan die Gees in Christus verwerp.

Nogtans kon die Gees in hulle en in ons woon op grond van die verlossingswerk van Christus. Die Gees waarmee Hy gesalf is kon Hy ons mee salf. Die 2de hoofstuk van die Johannes brief, vers 20 – *Julle is egter deur Christus gesalf met die Heilige Gees en julle ken almal die waarheid.* En vers 27 - ….*die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie*….

***

Hoe pragtig rym dit met ons belydenis….**Hy, (die Heilige Gees) is ook aan my gegee, sodat Hy my deur ‘’n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry…..**Ons kan niks meer sê as wat die Skrif sê nie. Romeine 8 maak dit duidelik dat die Gees slegs ontvang kan word deur geloof in die gekruisigde Christus. En in Galasiërs 1, daar waar geloof in Christus

is, daar is die Gees. Hy wat die geloof werk en my so deel laat kry aan die weldade van Christus.

Die Heilige Gees is óók God wat my troos. Watter ryke troos is dit dat Jesus deur water én bloed gegaan het, ter wille van my……dat ons aan Hom kan behoort – Sondag 1. Die Gees werk persoonlik met u en my, individueel. So praat ons belydenis ook persoonlik individueel ….. **wat glo jy van die Heilige Gees?,** omdat die Gees so persoonlik wil werk. **Hy is aan <u>my</u> gegee….<u>ek</u> kry deel…..Hy troos my.** Geen wonder dat Johannes dan ook telkens na die Gees verwys as God se Parakleet, sy Trooster

***

Hy troos in die moeilikheid van die dag en die stilte van die nag. Soos die dou werk Hy, staan daar elders in die Skrif. Stil, sonder geruis lê die oggend dou maar net daar. Onsigbaar, onhoorbaar daal die dou neer en seën die aarde. So troos die Gees ook daar diep in die hart waar dit seer is. U en Hy weet baie keer alleen net van daardie seer. Geen ander mens nie. En hoe seer kan ons net nie kry nie? Teleurstelling, twyfel, om verwerp te word, om iemand deur die dood te verloor is maar van die punte wat ons seer in die hart kan steek. As daar liefde vir ’n ander mens in daardie selfde hart bly, maak die verlange en herinneringe die seer nog soveel skerper.

Wees getroos, die Heilige Gees is ook in daardie hart. Die Trooster wil troos. Hy is hier by en in ons. Vra Hom om U te troos, Hy is nie soos iemand waarna ons hoef te verlang nie; Hy is met u. Hy wil vir u getuig, soos Hy van Christus getuig het.

***

Óok as u kerk toe kom,. Hier moet die getuienis van Christus se liggaam, Christus se bloed wees. Niks anders moet u daarvan laat afsien nie. Die Gees se getuienis moet telkens u getuienis word. Daarom is dit altyd weer kerk toe…..Weer die Woord hier. Mag ons in die week daarna verlang. Moet u herders, u ouderlinge, u diakens nie wil afbetaal nie, soos met Sagaria die geval was, waarna ons reeds vanoggend na verwys het nie.

Die Heilige Gees spreek ook van die belofte van God. Hy bly ewig by my. Die duif het ’n permanente rusplek vir die holte van sy voet gevind. Sy voete is in jou en my hart. Ons hoef nie vervaard en verwilderd rond te vlieg, soos die wêreld rondom ons nie.

Ons dink baie keer alles is vandag net n gejaag, maar is daardie gejaag nie eintlik maar ’n vervaardheid en ’n verwilderdheid van die wêreld nie. Niks kom tot rus nie! Daar is ’n gedurige beweeg en ‘n gekerjakker.

Wil die Gees dit so hê? Om verseker te word van God se liefde moet ons in die kerk rustig raak. Raak rustig, broeder en suster, Christus was mos juis vir ons onrustig toe Hy deur die water én die bloed moes gegaan het.

In die onrustige wêreld waar die Gees op die laaste soos ’n vuur sal brand kan ons rustig wees. Ons moet dit kan sê te midde van die onrus wat in die tyd aan die gang is en nie so sal kan aangaan nie. Christus se dood en opstanding het so ’n duidelike verskil gemaak. Ons sien dit duidelik in ons land op verhoë en in strate, vanaf hulle, wat Christus nie wil ken nie. Die wêreldling raak al hoe meer onrustig. God se kinders kan al meer getroos en rustig raak, want die Gees bly ewig by ons, al raak die wêreld hoe onrustig. Mag hulle wat nou bevestig gaan word, dit ook so ontvang.

AMEN